



DIEPER DIEPER

EK IS INVLOEDRYK

Oggenddiens

Preeknota

Datum: 22/05/2022

1. Het jy al ooit gedink hoeveel invloed jy het en hoe jy beïnvloed word?

2. Besef jy het invloed en 'n opdrag om te beïnvloed.

Matteus 5:13-16 (NLV) ¹³Julle is die sout wat die aarde 'n beter plek moet maak. Maar as die sout verslaan het, kry jy dit op geen manier weer sout nie. Dit is totaal onbruikbaar. Al waarvoor dit goed is, is om buite op die straat uitgegooi en deur die mense platgetrap te word. ¹⁴Julle is die lig wat die wêreld moet verlig. 'n Stad wat bo-op 'n berg lê, kan mos nie weggesteek word nie! ¹⁵'n Mens steek ook nie 'n lamp op en maak dit onder 'n emmer toe nie. Inteendeel! Jy sit dit bo-op 'n lampstaander. Dan maak dit lig vir almal in die huis. ¹⁶Julle moet so voorbeeldig lewe dat julle 'n helder lig sal laat uitstraal. Dan sal die mense dit sien en julle hemelse Vader daarvoor prys!"

Jy is of besig om te beïnvloed, of jy is besig om beïnvloed te word.

3. Hoe lyk jou invloed en wie laat jy toe om jou te beïnvloed?

Lukas 12:1-3 (NLV) ¹Intussen het die skares aangegroei tot duisende wat rondgemaak en mekaar vertrap het. Jesus het Hom eerstens tot sy dissipels gerig en hulle gewaarsku: "Pas op vir die suurdeeg van die Fariseërs, naamlik hulle skynheiligheid. ²Die tyd kom dat alles openbaar sal word; alles wat geheim gehou word, sal onthul word. ³Wat julle ook al in die donker gesê het, sal in die lig gehoor word, en wat julle agter geslote deure gefluister het, sal van die dakke af geskree word vir almal om te hoor!"

Openbaring 3:11-13 (NLV) ¹¹Ek kom gou; hou vas wat jy het sodat niemand jou kroon wegneem nie. ¹²Die een wat aanhou oorwin, hom sal Ek 'n pilaar in die tempel van my God maak, en hulle sal nooit weer daaruit weggeneem word nie. Ek sal op hulle die Naam van my God graveer, asook die naam van die stad van my God, naamlik die nuwe Jerusalem wat neerdaal uit die hemel, van my God af, asook my nuwe Naam. ¹³Elkeen wat kan hoor, moet luister wat die Gees aan die gemeentes sê.

4. Hoe lyk dit as jy jou invloed soos sout en lig gebruik?

a) Gebruik jou invloed soos 'n offer.

Levitikus 2:13(DB) ¹³Jy moet al die graan wat jy vir die Here bring, met sout behandel. Jou verbintenis aan die Here is 'n geestelike sout wat jou van afvalligheid bewaar. Net so moet daar ook altyd sout wees by die graan wat jy vir die Here bring. Oor alles wat jy offer, moet daar sout wees.

Romeine 12:1-2 (NLV) ¹Nou wil ek julle baie ernstig vra, broers en susters: As julle dink aan alles wat God in sy groot barmhartigheid vir julle gedoen het, gee dan julleself aan Hom as 'n lewende en heilige offer. Dit is dié soort offer waarvan Hy hou, en wat julle diens aan God werklik sinvol maak. ²Moenie julle leefstyl aanpas by die gedragpatrone van hierdie wêreld nie, maar laat God julle omvorm deurdat Hy julle denkpatrone vernuwe. Dan sal julle goed kan onderskei wat Hy wil hê dat julle moet doen, naamlik dit wat werklik goed en aanvaarbaar en volmaak is.

b) Gebruik jou invloed om lojaliteit aan God te bewys.

c) Gebruik jou invloed om die wêreld 'n beter plek te maak.

Jesaja 42:6 (DB) ⁶Ek is die Here. Ek het jou geroep om geregtigheid op aarde te bring. Ek sal jou hande sterk maak en jou beskerm. Deur jou maak Ek 'n ooreenkoms met die volke. Jy is die lig wat die nasies na My toe lei.

Filippense 2:16 (DB) ¹⁶Juis tussen hulle moet julle soos helder ligte in 'n donker wêreld skyn. Vir hierdie mense in die geestelike donker moet julle van Christus vertel sodat hulle ook die ware lewe kan kry. Hoe trots sal ek dan nie op julle wees wanneer Christus weer kom nie! Dit sal wys dat ek nie alles verniet gedoen en my tyd gemors het nie.

5. Kies om jou invloed reg te gebruik.

Romeine 2:19 (NLV) ¹⁹Jy beskou jouself as 'n gids vir die blindes, 'n ligbaken vir mense wat in die donker verkeer – sonder God.

Jy het geen idee hoe een gesprek, woord van bemoediging, of liefdesbetuiging, iemand se lewe kan verander nie.

PERSOONLIKE NOTAS

Om hierdie elektronies in te vul, laai asb die Adobe Acrobat App of

<https://apps.apple.com/za/app/adobe-acrobat-reader-for-pdf/id469337564>



<https://play.google.com/store/apps/details?id=com.adobe.reader>

Link vir Apple iStore ▲

▲ Link vir Google Playstore



Dienste word aanlyn uitgesaai op Facebook en YouTube asook op IFM 102.2 en via klankstroom op www.ifmradio.co.za / www.kg.org.za



KONTAKPERSONE:

Gemeentepredikant:
MARIUS MALAN - 082 804 0436
marius@kg.org.za

Gemeentebestuurder:
RIAN PELSER - 082 775 7147
riian@kg.org.za

Faktotum:
CLIFF STOPFORD - 082 820 8448
cliff@kg.org.za

PREDIKANTE:

13 - 18 Jaar: TOMMIE ARPIN
082 342 6245 | tommie@kg.org.za

19 - 31 Jaar: JONATHAN MÜLLER
064 658 6636 | jonathan@kg.org.za

32 - 42 Jaar: EDOHAN BURGER
084 570 0669 | edohan@kg.org.za

43 - 56 Jaar: NICO VAN AS
082 973 3895 | nico@kg.org.za

57 Jaar en ouer: KOOS JOOSTE
084 277 7770 | koos@kg.org.za

Hoek van Ravel- en Abrahamstrate
Mantevrede, Vanderbijlpark
016 004 0016 / navrae@kg.org.za

**KONTANTLOSE
BYDRAES**



BANKBESONDERHEDE:
Kompas Gemeente
Eerste Nasionale Bank
Rekeningnommer: 62609813846
Takkode: 250 655